

**Donderdag 10 Februarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 22:33-40**

**Fokusgedeelte: Matteus 22:33-40**

**Jy moet die Here jou God liefhê**

Die Fariseërs en die Herodiane kom na Christus om aan Hom 'n strikvraag te stel oor die betaling van belasting, en Christus het hulle die mond gesnoer (Matt. 22:15-22). Daarna het die Sadduseërs aan Hom 'n vraag gestel oor die opstanding uit die dood, en weer eens het Christus hulle die mond gesnoer (Matt. 22:23-33).

Nou kom die Fariseërs, nadat hulle dit gehoor het, en probeer Christus weer met 'n strikvraag "uitvang". Dalk het hulle gedink: Hy het ons ou vyande die mond gesnoer, en as ons Hom sou uitvang in 'n strikvraag, sal niemand kan twyfel dat ons die mees vooraanstaandes in die geloof is nie.

Die vraag wat hulle aan Christus stel, is die volgende: "Meneer, wat is die grootste gebod in die wet? En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en eerste gebod. En die tweede wat daarmee gelykstaan is: Jy moet jou naaste liefhê soos jousef. In hierdie twee geboeie is die hele wet en die profete saamgevat."

Maar hulle stel nie werklik belang in die antwoord nie. Inteendeel, hulle het geweet wat die antwoord is. Ons sien in Lukas 10:25-37 dat die Fariseërs presies dieselfde antwoord aan Christus gee. Hulle probeer Christus in 'n strik vang. En Christus weet dit, maar Hy antwoord steeds: "Die hele wet word in hierdie twee geboeie saamgevat, naamlik liefde vir God en liefde vir jou naaste."

Jy moet die Here jou God liefhê. Hier word nie gepraat van somer enige God nie. Daar is geen ander God as die God van Israel nie. En jy moet God liefhê met jou hele wese; met jou hele hart en siel en jou hele verstand. En die tweede gebod wat daarmee gelykstaan, is dat jy jou naaste moet liefhê soos jousef. Die Fariseërs het geweet dat die hele wet in hierdie twee geboeie saamgevat kan word, maar hulle het dit nie geleef nie. Hulle het liefdeloos gelewe. Hulle het neergesien op die ander mense. Hulle het die wet geken, maar nie geleef nie.

God roep ons om Hom met ons hele wese lief te hê, en ons naaste soos onself. Ons lewens moet daarvan getuig, en ons moet waaksaam wees om nie soos die Fariseërs van ouds te word nie.

*Sing: Skrifberyming 9-2:1, 2*

*Dagstukkies Almanak 2011*